BULLETIN

NG RONDEBOSCH | WEEKLY PROGRAMME

12 NOVEMBER 2023

KONINKRYKSTYD

WELKOM!

Ons is 'n inklusiewe *familie* wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.

We are an inclusive *family* which reaches out to the community with joy and with open doors.

PROGRAM VIR VANDAG
EREDIENS 09:00

EREDIENS: Francois Smuts

Francois Smuts praat met ons oor die Ortodokse Kerk.

19:00: In Silentio

Ons diens word vanoggend 09:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai.
Luister na die preke:
https://www.ngrondebosch.com/preke.html

021 686 4315

ngkrbos@mweb.co.za

2 Derry Road
Rondebosch

Please join us for tea & coffee after the service!

http://us02web.zoom.us/98793837493729274f7n0f9u3jns03bsld9u393

MEETING ID: 838 0444 7977 | PASSCODE: 691201

Liewe gemeente

Ons verwelkom vanoggend vir Francois Smuts wat met ons oor die ortodoksie gaan praat. Ek onthou hoe gefassineerd ek jare gelede was toe ek die eerste keer met die Kopties Ortodokse kerk in Egipte te make gekry het. Alles was vreemd aan die gelowiges, veral die manier van aanbidding. Wat my egter altyd sou bybly, was hulle liefde vir mekaar en hulle onvoorwaardelike aanvaarding van ons klomp vreemdelinge. Die protestante het met die reformasie gepoog om met die geïsoleerde kerk in die ooste in gesprek te tree. Die bedoeling was om te kyk of hulle nie by mekaar kon uitkom nie. Dit was veral die teoloog en volgeling van Luther, Philip Melanchthon (16/02/1497 – 19/04/1560) wat die dialoog probeer aanknoop het. Dit het ongelukkig op niks uitgeloop nie. Beide partye was onversetlik. Die protestante wou niks weet van sewe sakramente nie en het glad nie die rol van Maria in die ortodokse teologie verstaan nie. Hulle was egter eens met die gedagte dat die pous wel feilbaar is. Die Kerk in die Ooste was egter van mening dat die Protestante nie besig was met hervorming nie, maar met innovasie, dus die skep van 'n "nuwe" kerk. Kom luister vanoggend na Francois Smuts se merkwaardige verhaal en vind meer uit oor die Ortodokse Kerk, die oudste kerk in die geskiedenis van die Kerk.

Die jaar loop uit! Politieke gekheid hou nie op nie, trouens dit gaan van krag tot krag. Ons sal onsself moet staal tot en met die verkiesing. Ons hier in die Wes-Kaap leef bietjie in 'n borrel. Indien jy familie in ander dele van die land het, ys jy wanneer jy hoor hoe dit met infrastruktuur en basiese dienste gaan. Onthou, wanneer ons oor die politiek en oor politieke leiers praat, moet daar by ons 'n ander gesindheid wees. Ons praat altyd met respek van ander!

Die kontrakteur wat die herstelwerk aan die kerk gedoen het, was die week terug om weer aandag aan die vog/klammigheid te gee. Die herstelwerk aan ons geboue hou nooit op nie, maar ons doen dit ook as deel van ons nalatenskap.

Onthou asb: November is Dankseggingsmaand. Voor in die kerk is 'n kissie waarin jy kontantbydraes kan plaas. Jy kan natuurlik steeds elektronies oorbetaal. Het jy dalk iets ekstra om die maand uit dankbaarheid te kan gee? Ons sluit ons Dankseggingsmaand af met die Kerssangdiens op Sondag 26 November. Stefan en die Aanbiddingsbediening is besig om vir ons 'n wonderlike program saam te stel. Bring jou familie saam!

Groete en seën
Johan van den Heever

HIERDIE WEEK

DINSDAG, 14 NOVEMBER
10:00 Erediens HL

WOENSDAG, 15 NOVEMBER
19:30 Selgroep, Freanweg 15
18:00 Steundienste

DONDERDAG, 16 NOVEMBER
10:00 Meditasie by Kerkkompleks

SAVE THE DATE

SONDAG, 19 NOVEMBER
09:00 Biddag vir Beskermingsdienste

SONDAG, 26 NOVEMBER
09:00 Kerssangdiens
18:00 Kerssangdiens HL

DONDERDAG, 30 NOVEMBER
19:00 Kerkraadsvergaderig

BIRTHDAYS

Hannah Stronach	15 Nov
Martin Booth	18 Nov
Karen Nefdt	20 Nov

Grateful, Thankful and Blessed

ADMINBEAMPTE POS

NG Gemeente Rondebosch het vanaf 1 Februarie 2024 'n pos vir adminbeampte beskikbaar. Die advertensie vir die pos word eersdaags geplaas.
Kontak dr Johan vd Heever vir enige navrae. (083 448 2609)

STUKKIES KERSVREUGDE

November is Stukkies Kersvreugde-maand. Ons samel basiese toilet-ware in vir Huis Lückhoff se Sieke-boeg en Demensie-eenheid.

Onder is die lysie van benodigd-hede. Help ons om vir hulle tot seën te wees op hierdie tasbare manier.

- tandepasta
- seep
- waslappe (nie wit asb)
- skeermesse
- poeier
- toiletpapier
- deodorant en roll-on

Jy kan jou skenkings in die kartondose in die kerkgebou plaas of by die kerkkantoor afgee. Byvoorbaat dankie.

GEBEDSVERSOEKE

Tamara Pow Chong
Swangerskap verwante ongesteldheid

Magda van Zyl
Booth Memorial Hospital

Marietjie Geldenhuys
Huis Lückhoff Siekeboeg

Mi Change

YOU CARRY THE POWER TO CHANGE SOMEONE'S LIFE IN YOUR POCKET

We have booklets available at the church office at R50 a booklet. Consider purchasing a booklet for yourself or our church office to hand out to the homeless individuals asking for support. This is an amazing initiative by U-turn and MES Cape Town.

DANKSEGGINSMAAND

EREDIENSOFFERS - R2 102
Mikpunt: R12 000

DANKSEGGINGSOFFER - R39 743
Mikpunt: R100 000

Ons het groot waardering vir elke finansiële bydrae wat ons ontvang. Plaas gerus jou Dankseggingsoffer in die kissie voor in die kerk of gebruik die bankbesonderhede hier onder. Merk asseblief jou oorbetaling spesifiek met die bewoording Dankseggingsoffer.

ABSA CLAREMONT
Rek 2870141125
Tak 632005
Swift code: ABSAZAJJ

Baie dankie vir elkeen se bydrae.
Mag die Here jou ryklik seën.

Scan me